

Christus die gekruisigde

Teks: 1 Korinthiërs 2: 1 - 16

Teksvers: 1 Korinthiërs 2: 2

1. Inleiding

Alhoewel die regering die ramptoestand verleng het, is die wêreld stadig besig om na normaal terug te keer. Ook hier in ons plaaslike gemeente het ons die komende week 'n kerkraadsvergadering. En een van die hoof besprekingspunte is natuurlik om gemeente aktiwiteite te hervat. Maar waar ons solank net 'n klein hoeveelheid broers en susters fisies bymekaar vergader het, is daar ook bekommernisse.

Daar word gesê dat 'n nuwe gewoonte of lewenstyl binne 3 tot 5 weke aangeleer word. So indien mense dat vir 3 tot 5 weke nie kerk toe gekom het nie, wat gaan hulle nou doen. Gaan die kerk weer kan funksioneer en optrede soos in die verlede, of is kerk wees in Suid-Afrika maar net vir ewig gedoem.

In die sekulêre wêreld sal daar onmiddelik na 'n besondere leier gesoek word. Iemand wat oor spesiale gawes en talente beskik om die situasie om te keer. Iemand beter as die vaal ou plaaslike bedienaar van die Woord. En soms tree kerke ook op hierdie manier op. Sterk leiers en nuwe modegiere word nagevolg. Ons sien dit in verskeie manier waarop die reëls van inperking omseil probeer word.

Maar wat is eintlik steeds vandag in 2020 die opdrag van die kerk. Paulus vat dit so goed saam in ons teksvers vandag. Die kerk moet Christus die gekruisigde verkondig. Hy is uiteindelik die enigste ware leier wat Sy kerk op aarde vergader. Maar hoe lyk hierdie ware leier van die kerk dan?

2. Die swakheid van die leier

Paulus is verantwoordelik vir hierdie brief aan die Korinte. Hy skryf hierdie brief en ander briewe in die Nuwe Testament juis om kerke te help. Want in hierdie tyd, was daar baie nuut geplante kerke as gevolg van die sendingreise. Maar hierdie kerk was nog jonk in die geloof. Daarom het hulle raad en

ondersteuning nodig. Omdat hulle nog in hulle babaskoene in die geloof is word hulle soms maklik op 'n dwaalspoor gelei. Een manier waarop dit dikwels gebeur het, was onder die invloed en leiding van 'n sterk leier.

Dit is presies wat die mense ook sê in hoofstuk 1: "Ek is vir Paulus;" een: "Ek is vir Apollos;" een: "Ek is vir Sefas;" Hierdie leiers is almal medewerkers van Paulus. Maar daar was ook ander leiers wat nie medewerkers was nie. Juis leiers wat die mense ontmoedig het om vir Paulus en die evangelie na te volg. Dit is dan ook juis wat van belang is in ons teksvers. Die swak leier waarop ons wil fokus is in die eerste plek nie Paulus nie. Nee die swak leier is die inhoud van die evangelie, dit is ons Here Jesus Christus.

Hy is in die oë van die wêreld nie van baie belang nie. Hy word in eenvoud gebore en word eintlik op rant van die samelewing groot. En wanneer Hy begin met Sy ampswerk as volwassene is daar baie teenstand. Vers 6 en vers 8 in ons teksgedeelte maak dit duidelik dat die heersers in die wêreld vir Christus en Sy verlossingswerk verwerp. 'n Mens wonder soms vandag in 'n wêreld vol glansgelowiges in glansgemeentes, hoeveel aanhangers Christus werklik sou gehad het. Want die suiwer verkondiging van die evangelie is soms maar laag op lysie van moderne kerk prioriteite.

Die swak leier word deur die wêreld verwerp en gekruisig, maar uiteindelik is hierdie kruisiging juis die offer. Die offer waarmee Christus die kerk loskoop uit die greep van die sonde en dood.

3. Die grootheid van die boodskap

Wat is dan eintlik die moderne kerk se opdrag en fokus vandag. Dit staan steeds vas In ons teksvers: "oor Jesus as die Christus". Dit gaan oor die eintlike hoof van die kerk. Dit gaan daarvoor dat die eintlike kerkleier en hoof geëer en verheerlik word. Daarom wil Paulus

glad nie die risiko loop om die eer van Ons Here, Jesus Christus af te haal en op homself te plaas nie.

Paulus verstaan wat Johannes die dooper alreeds verstaan het toe hy oor Jesus gesê het "30Hy moet meer word en ek minder." in Johannes 3:30. En natuurlik sal meeste christelike denominasies en groeperinge saam stem. Ons sal nie doelbewus die eer van die Here steel nie. Maar ons teksvers gaan nog verder.

As ons toegelaat word om maar net een enkele aspek van Jesus Christus se aardse bediening te kan verkondig, wat sal dit wees? As ek en jy net een optrede of handeling van Jesus met 'n ongelowige mag deel, wat sal dit wees? Sal ons wil vertel van al die wonders wat Jesus op aarde gedoen het. Al die siekes wat Hy genees het. Of self dat Hy vir Lasarus uit die dood opgewek het. Sal dit 'n ongelowige oortuig om te glo. Of sal ons van Jesus se ongekende wysheid vertel. Daar waar Hy keer op keer die skrifgeleerdes en fariseërs uitoorlê in redenasies. Of selfs waar Jesus die Satan se versoekings in woestyn weerstaan. Deur die Woord reg toe te pas in elke situasie. Sal hierdie sake iemand tot geloof lei?

Paulus kies iets anders in ons teksvers. Hy sê dat daar net een saak oor Christus is wat vir hom belangrik is. Dit is Jesus, Christus as die gekruisigde. In Grieks word die woorde vir weet of ken gebruik. Paulus stel nie belang om enigiets anders te ken of te weet nie. Vir ons as mensdom is die belangrikste wat Christus kom doen het hier op aarde, die kruis. Want dit is die evangelie. Die evangelie waardeur swak sondaar mense gered word. Waardeur swak sondaar mense weer terug geplaas word in die teenwoordigheid van die Here.

4. Waar die gees werk.

Wanneer Jesus ondervra word deur die Joodse raad, gebruik Hy nie slim argumente om sy onskuld te bewys nie. Jesus ly in stilte wanneer hulle die waarheid verdraai. Wanneer Jesus uitgedaag word om homself bonatuurlik van die kruis te red, dan doen Hy dit ook nie. Hy lê eerder Sy lewe vrywillig af. Vir die ongelowige is dit onsin in vers 14. Dit is selfs

'n boodskap wat hy aktief moet beveg soos ons sien in vers 8

Maar wat maak hierdie boodskap anders vir die gelowige? Die antwoord is die werking van die Heilige Gees. Want dit is presies hoe 'n persoon ook gered word. Wanneer die evangelie aan hom verkondig word, werk die Heilige Gees in Hom. Hierdie werking oortuig die persoon van die waarheid en die wysheid van die boodskap. Die wysheid van 'n genadige Here wat self die prys vir ons verlossing kom betaal.

Die ander saak waarvan die Heilige Gees ons ook oortuig is die najaag van hierdie waarheid. Ons moet hierdie waarheid najaag. Daarom moet ons hierdie gesindheid van Christus najaag. Soos wat ons ook die Apostel Paulus sien doen. Hy is bereid om self te vergaan vir hierdie boodskap, soos wat Christus ook gesterf het vir hierdie waarheid.

Want dalk word daar iets van 'n selfgesenteerdheid geopenbaar deur 'n obsessie met wonders en wysheid. Iets van ek wil wonders doen soos Christus gedoen het. Of ek wil ook in wysheid argumenteer soos Hy. Maar om my kruis op te neem en hom elke dag te volg is nie so gewild nie. Miskien is dit daarom dat die wêreld juis nie wil fokus op die kruis nie.

Tog as ons werklik wil eerlik wees oor die werking van die Heilige Gees. Dan weet ons dat die Heilige Gees ons altyd terug lei na Christus. Maar meer spesifiek terug na die kruisiging van Christus. En in ons teksgedeelte sien ons natuurlik ook hierdie waarheid in vers 6 tot 16 saamgevat.

5. Slot

Ons kan afsluit deur terug te wys na die navolging van 'n besonderse leier, ook in hierdie moeilike tye. Maar dan moet ons vinnig erken dat daar nie eintlik geloofshelde is nie. Want as ons eerlik met die Bybel omgaan, sien ons dat selfs die geloofshelde van ouds ook maar voete van klei gehad het. Daarom is dit duidelik dat ons nie sou gered kon word deur enige gewone mens nie. Maar Jesus Christus kom word mens tussen ons. Hy word die eintlike geloofsheld. Hy wat nooit sondig kom

word die volmaakte offer wat ons as mense
vrykoop van die dood.

Daarom wanneer ons die prestasie van 'n kerk
wil meet, kan ons nie die maatstaf van
wonders of wysheid aanlê nie. Ons kan ook
nie 'n kerkleier meet nie. Dit lê ook nie in
getalle, gemiddelde ouderdom of finansies nie.
Want vir die kerk om suksesvol te wees,
beteken om onder leiding van die Gees op te
tree. En om onder leiding van die Gees op te
tree beteken om vir Christus die regmatige
plek te gee as enigste hoof en leier van die
kerk.

Vir 'n kerk om suksesvol te wees moet die
evangelie uitgedra word. Die evangelie wat
verlore mense red. En hierdie verlore mense
word nie gered deur wonders en wysheid nie,
maar deur die kruis. Daarom moet ons
boodskap na buite altyd op die kruis fokus.
Selfs al beteken dit ook dat ek elke dag my
kruis moet opneem en die Here volg.

In ons eie persoonlik geestelike lewe, en ook
ons omgaan met ander mense, moet die
woorde van Paulus ook sentraal staan, soos
wat dit saamgevat word in ons teksvers. :

"²Ek het my voorgeneem om met julle oor niks
anders te praat nie as oor Jesus as die
Christus, en wel oor Hom as die gekruisigde."

Amen